Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Jakob

## Genesis 25

My naam is Jakob. Ek is die jongste van 'n tweeling. Ek was lank jaloers op my ouer broer Esau. Alles wat hy gedoen het, het ons pa se goedkeuring weggedra.

Op 'n dag het ek gevlug - nadat ek my Pa en Esau 'n rat voor die oë gedraai het. Toe ek jare later - na vele oppe en affe in my lewe -met God stoei, het ek besef dat daar groot wonde in my menswees is wat net nie wil verdwyn nie.

God het my daardie aand op 'n vreemde manier geseën. Hy het my heup uit pootjie geslaan en ek het mank-mank daar weggeloop. God het my naam verander. Ek was nie meer die "hakskeengryper" van ouds nie, maar Israel, die vegter, wat volhard tot die einde toe.

Bid saam as gesin.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken .

Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.

EK het God leer ken as die een wat jou 'n nuwe identiteit gee, wat jou storie herskryf en die stukkende verhoudings in gebroke families herstel. (Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

## Jakob

Wie was Jakob se oupa?

Wie was die moeder van Jakob?

Wat was opvallend aan die tweelingbroer van Jakob, Esau, by hulle geboorte?

Waarom het Isak Esau liefgehad?

Vir wat het Esau sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop?

Wat het Esau gedoen terwyl Jakob sy seën gesteel het?

Uit watter land het Isak vir Jakob gesê om nie 'n vrou te neem nie?

Jakob het 'n droom gehad in Bet-el,waaroor het hy gedroom?

Wie was Jakob se eerste vrou?

Quellerina Gemeente